

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
19 November 1978

Onderwerp: Gryp na die ewige lewe

Lees: Openbaring 21 verse 1 tot 8
1 Timótheüs 6 verse 11 tot 16

Teks: 1 Timótheüs 6 vers 12

Sing: Psalm 116 verse 1, 5 en 10
Gesang 52 verse 10 en 11

“Laat my toe om eers as ’n inleiding ’n moontlike misverstand uit die weg te ruim, veral ter wille van die jongmense wat hier teenwoordig is. Hierdie preek is nie uitsluitlik bedoel vir oumense nie. Ons teksgedeelte mag wel so klink. Die woorde ‘gryp na die ewige lewe’ klink immers asof dit nie vir jongmense bedoel is nie. Dit kan tog nie verwag word dat hulle wat pas die lewe begin het, nou al na die ewige lewe moet gryp nie. Vir hulle is daar nog soveel ander dinge wat gegryp moet word: matriek, opleiding, ’n goeie werk en ’n huwelik. Vir hulle lê die begrip ‘ewige lewe’ nog vêr, baie vêr. Miskien dink hulle dit moet eers kom nadat hulle op pensioen is, óf na die goue bruilof.

“As ons só dink, is ons verkeerd. Paulus het hierdie woorde juis geskryf aan ’n jongman, Timótheüs. Hy was ’n jongman met maagprobleme en oorspanne senuwees. Dit is aan hom wat Paulus die goeie raad gegee het: ‘Stry die goeie stryd van die geloof, gryp na die ewige lewe, waartoe jy ook geroep is’. (1 Tim 6:12)

“Gemeente van Jesus Christus, die bekende Nederlandse prediker, Okke Jager, het op ’n keer gesê: As daar ooit ’n standbeeld ontwerp moet word wat die tipiese houding van ’n Christen moet uitbeeld, dan sou dit ’n figuur moet wees van ’n mens wat met uitgestrekte hande en met ’n gesig vol verwagting vorentoe storm om die groot prys van die ewige lewe te gryp.

“Ongelukkig is dit dikwels nie die tipiese houding van die meeste Christene en kerke nie. In plaas van om vorentoe te kyk met uitgestrekte hande, kyk die kerk en sy mense dikwels met skewe nekke terug na die ‘goeie ou tyd van die vaders’.

“Laat ons dit maar vir mekaar sê: Ons is dikwels méér begaan oor die vaders en die kerk van die

verlede, as oor die Hemelse Vader en sy ewige koninkryk van die toekoms. Jesus het duidelik gesê: 'Niemand wat sy hand aan die ploeg slaan en agtertoe kyk, is geskik vir die koninkryk van God nie.' (Luk 9:62)

"Nee Broers en Susters, mense wat Jesus as hulle persoonlike Saligmaker aangeneem het, is mense van die toekoms! Hulle verwag die koninkryk van God. Christene behoort gryp na die ewige lewe te wees. Ons behoort dit ook te doen, maar ons doen dit meestal nie. Hoekom nie?

"Broers en Susters, eintlik is dit tog iets heel ongewoonds. As daar êrens iets verniet aangebied word, dan laat ons nie op ons wag nie. Dan is ons daar! Maar om te gryp na die ewige lewe, daarvoor is ons maar langtand. Dit is dikwels nie vir ons reël nie en daar is nie entoesiasme in ons harte daarvoor nie.

"Waar lê die fout? Het ons dalk 'n verkeerde voorstelling van die ewige lewe? Of het ons dalk glad nie 'n idee wat om daarvan te verwag nie?

"Laat ons eerlik wees. Baie van ons is verleë oor die gedagte van die ewige lewe. Ons weet nie mooi wat om daarvan te dink nie. Hoe moet ons dit voorstel? En dit lyk asof ons in ons tyd, waarin ons méér en méér van alles en nog wat te wete kom, steeds minder weet van die ewige lewe. Ons begrip daarvan word al vaer.

"Waar lê die probleem? Ek dink daar is ten minste twee oorsake waarom die ewige lewe vir ons so kleurloos, vormloos en vaag is:

"In die eerste plek is die ewigheid immers 'n dimensie wat buite en bo ons denke en begripsvermoë is. Ons verstand kan dit nie peil nie.

"Nou moet ons natuurlik nie gaan sê: Wel, as ek dit nie kan verstaan nie, dan hoef ek my ook nie daaraan te steur nie. Of erger nog, dat dit nie bestaan nie. Dit sou baie dom wees. Dan is ons soos die ruspe, wat maar nie wou glo dat hy eendag 'n mooi skoenlapper sou word nie. En inderdaad, Broers en Susters, ons verhouding tot die ewige lewe kan vergelyk word dié van 'n ruspe en die skoenlapper.

"Stel u voor dat iemand 'n prekie gaan hou oor 'n ruspe, wat traag op 'n koolblaar roundkruip en wie se gedagte nie verder gaan as sy maag nie. Hy sou kon sê: Hoor hier ruspe, jy wat só materialisties is en wie se gesigsveld nie verder as die koolblaar strek nie, weet jy dat daar 'n beter, hoër en heerliker bestaan vir jou bestem is? Jy sal jouself binnekort toespinnig in 'n kokon. Na 'n bepaalde tyd sal die warm lenteson jou daaruit roep en dan sal jou onooglike gestalte verander in 'n

pragtige gekleurde vlinder. Jy sal dan nie langer gebonde wees aan die koolblaar en hierdie aarde nie, maar jy sal vrolik en vry kan rondvlieg van die een blom na die ander.

“Dink u dat hierdie boodskap die ruspe opgewonde en bly sou maak? Dat hy so spoedig moontlik in sy doodkis van ’n kokon sou gaan om te wag vir wat kom?

“Ek is nie so seker daarvan nie. Waarskynlik sou hy ook soos mense sê: Ek bly voorlopig hier op my aardse koolblaar. Dit smaak nog goed.

“Opsigself is daar niks mee verkeerd nie. Ons mag ons aardse lewe geniet. Dit is immers ook ’n gawe van God. Maar ons moet onself nie aan die aardse en tydelike lewe verkoop en totaal uitlewer, asof dit al is wat ons het en ooit sal kry nie. Ons moet altyd besef dat ons oppad is en reisigers is na ons ewige tuiste. Ons kan nou wel nog nie ’n goeie voorstelling van daardie tuiste maak nie, maar dit is tog daar. Ons sal ’n ewige fout maak as ons, ons nie daarop voorberei en daarna gryp nie.

“Paulus sê van die ewige lewe dat dit so onvoorspelbaar heerlik sal wees dat dit ons denke totaal sal oortref: ‘Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van ’n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet.’ (1 Kor 2:9)

“Wat sê hierdie woorde vir ons? God is ’n God van verrassings! Hy hou Hom die reg voor om ’n ewigheid vol verrassings te skenk aan hulle wat op God se beloftes vertrou en daarna gryp.

“In die boek Openbaring word enkele van hierdie verrassings onthul. Die lewe in die nuwe Jerusalem sal só wees: ‘Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweene en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan.’ (Openb 21:3,4)

“Kan u, u dit nou voorstel? ’n Lewe wat sonder pyn, frustrasie en angs sal wees. ’n Bestaan wat sonder begrafsing, egskeidings, hofsake en vervolgings sal wees. Daar sal geen weeshuise, hospitale, tronke en allerlei inrigtings wees nie. Dit is deel van die ewige lewe. Dit is die nuwe orde van God se koninkryk waarna ons mag gryp, alhoewel dit bo ons begripsvermoë is.

“En dit bring ons by die tweede rede waarom ons dikwels tog nog so vreemd teenoor die ewige lewe staan. Die ewige lewe gaan nie net ons verbeeldingsvermoë te bowe nie. Nee, ons maak daarvan ook verkeerde, of moet ons liewers sê, té beperkte en eensydige voorstellings. Twee van hierdie beperkings is:

“Die eerste is dat ons dikwels te veel nadruk lê op die tydsaspek van die ewige lewe. By die ewige lewe dink ons aan ’n bestaan wat geen einde het nie.

“Dit is wél ’n aspek van die ewige lewe. Daardie lewe sal nie meer in die greep van die wisselvallige, die kortstondige en verganklike van ons tydelike bestaan wees nie. Maar dit is tog nie die enigste, of dalk nie eens die belangrikste aspek van die ewige lewe nie. Eerlik gesê, daardie oneindigheid van die ewige lewe sou ’n groot ramp kon wees, as ons nie sou weet hoe en van watter aard daardie lewe aan die anderkant van die graf sou wees nie. Die belangrikste van die ewige lewe is dan ook nie dat dit nooit tot ’n einde sal kom nie, maar dat dit ’n lewe van ’n heel ander aard, van ’n gans ander kwaliteit, sal wees as die aardse bestaan. Daarop dui die woorde uit Openbaring. Dit is ’n lewe ontwortel van hierdie aardse bestaan van trane, lyding, pyn, verdriet, sinneloosheid en frustrasie. Daarom gaan dit in die ewige lewe nie oor die kwantiteit nie, maar oor die kwaliteit. Dit is die heerlijkheid en nie net die duur daarvan nie, wat die ewige lewe so aantreklik maak.

“Daar is egter nog ’n misverstand wat ons afsydig maak teenoor die ewige lewe. Baie van ons beperk die ewige lewe tot die lewe in die hiernamals, tot ’n lewe daar vêr in die toekoms. Ons skuif dit so vêr van ons af weg, dat dit geen sin of betekenis vir ons inhou nie.

“Maar dit is nie wat die Bybel ons van die ewige lewe leer nie. Volgens die Bybel begin die ewige lewe reeds hier en nou. Ja, dit is selfs so dat as dit nie reeds hier vir ons begin het nie, ons dit nie daar sal kry nie. Dit is veral Johannes wat hierdie aspek van die ewige lewe beklemtoon: ‘En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het.’ (Joh 17:3)

“Die ewige lewe is dus nie net ’n saak van die toekoms nie. Dit is ’n saak van nou of nooit. Eintlik is dit verkeerd om dit so uit te druk. Die ewige lewe is nie ’n saak nie. Dit is iemand. Dit is ’n verhouding. Dit is ’n persoonlike lewende verhouding met Jesus Christus.

Daardie lewensverhouding met Jesus Christus is die ewige lewe.

“Om te gryp na die ewige lewe, is dus niks anders nie as om Jesus Christus met beide hande aan te gryp en vir lewe en dood aan Hom vas te hou. In Jesus Christus plaas God die ewige lewe binne ons bereik, sodat ons dit nou kan vat en besit. ‘Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie.’ (Joh 3:36)

“Broers en Susters, vir hom wat Jesus Christus het, bestaan die oordeel en die verskrikking van die dood as toestand van Godverlatenheid nie meer nie. As ons aan Jesus Christus vashou, dan het ons reeds uit die dood oorgegaan in die lewe: ‘Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe.’ (Joh 5:24) ‘... en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie.’ (Joh 11:26)

“Ons moet wel nog sterwe, maar dit is dan in werklikheid ’n stap oor die drumpel tussen tyd en die ewigheid. Die dood is nie meer iets waarvoor ons benoud en verskrik hoef te wees nie. Jesus sal ons troos, daarvoor heen help en verwelkom in die Vaderhuis.

“Jesus Christus bevestig hierdie waarheid duidelik met ’n eienaardige woord: ‘Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as iemand my woord bewaar, sal hy die dood in der ewigheid nie sien nie.’ (Joh 8:51) Wat bedoel Jesus daarmee? Dat die ware gelowige nie meer hoef te sterwe nie? Dit is nie wat Hy bedoel nie. Wat Hy wil sê, is dat sedert Hy die dood oorwin het, ons nie meer verskrik hoef te wees vir die dood, die drumpel tussen en tyd en ewigheid, nie. Hy het daardie dood aan bande gelê.

“Miskien moet ek dit met ’n beeld verduidelik. As ek met huisbesoek op ’n plaas gekom het, waar daar ’n baie kwaai hond was, het ek altyd by die hek bly staan en wag, totdat die boer uitgekom en die hond na sy hok gejaag het. Ek het ’n inherente vrees vir honde. En dan as hy vir my gesê het: Kom nou maar gerus nader, hy sal niks aan jou doen nie. Dan eers het ek met gerustheid en sonder vrees die hek oopgemaak en binnegestap.

“Só stel ek my voor, sal Jesus ook werk met die hellehond van die dood, wat ons die doodskrik op die lyf wil jaag as ons by die Vader se hemelse plaas aankom. As Jesus ons tegemoet tree en verwelkom, sal

ons laaste en grootste vyand, die dood, skoonveld wees. Sedert die kruisiging en opstanding kan die dood nog maar net wegkruip vir Jesus. Ons sal hom glad nie meer te sien kry nie. Jesus Christus het hom vir goed aan bande gelê.

“Ons sluit af met Jesus se Hoëpriesterlike gebed: ‘En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het.’ (Joh 17:3)

“Ons kan dus nou reeds iets van hierdie lewenskwaliteit in ons daaglikse lewe geniet. Ja, die ewige lewe begin sodra ons met Jesus Christus, wat die lewe is, in lewensverbintenis tree.

“Hierdie boodskap is vir oud en jonk, maar veral vir ons jongmense. Want hoe eerder jy jou aan Jesus Christus verbind, hoe beter. Hoe langer jy wag, hoe groter word die afstand tussen jou en Hom; en tussen jou lewe en die ewige lewe. Hoe ouer ons word, hoe moeiliker word dit om Jesus aan te neem.

“Daarom wil ons dit op julle harte druk met dieselfde erns as Paulus teenoor Timótheüs. Oud en jonk, gryp na die ewige lewe waartoe julle geroep is. En gryp dit nou, voordat dit te laat is.

“Amen.”